

Magda Stander

Die rol van die intertaal by tweedetaalverwerwing

Opsomming

Alle sprekers besit 'n universele kennis wat hulle bemagtig om dit op enige taal van toepassing te maak en 'n linguistiese sisteem of intertaal te skep. Hierdie intertaal is verwyderd van die standaardvorm van die tweedetaal en word as 'n variëteit van die standaardvorm gesien. Die vlakke van bekwaamheid in die intertaal wissel van 'n pre-basiese tot 'n eerstetaalvlak. Alhoewel sprekers sekere strategieë aanwend om hulle te help, is daar sekere faktore wat die vorming van 'n intertaal belemmer. 'n Kontrasiewe analise help om die oorsprong van sekere afwykings vas te stel en te verduidelik, terwyl 'n foutanalise gebruik kan word om meer inligting oor 'n spreker se intertaal en die proses van taalverwerwing te bekom.

The role of interlanguage in second-language acquisition

All speakers have a universal linguistic knowledge which they can apply to any language, making it possible for them to create a linguistic system or interlanguage. Such an interlanguage differs from the standardised form of the second language and can be seen as a variety thereof. Proficiency levels in the interlanguage of a speaker vary from pre-basic to that of a native speaker. Speakers use certain facilitating strategies but certain factors impede the creation of an interlanguage. Contrastive analysis is useful in explaining the origin of language errors while error analysis can increase our knowledge of a speaker's interlanguage and the process of language acquisition.

In hierdie artikel word daar hoofsaaklik op die rol van die intertaal in tweedetaalverwerwing gekonsentreer. Die belangrikheid van die intertaal is veral sedert die sewentigjarige sterk beklemtoon in studies en teorieë oor tweedetaalverwerwing.

Voordat daar verder na hierdie rol gekyk word, moet daar eers gevra word of taal aangeleer of verwerf word. Om hierop 'n antwoord te kan verskaf, moet daar 'n onderskeid tussen die terme “tweedetaal-aanleer” en “tweedetaalverwerwing” gemaak word.

Tweedetaalaanleer is 'n bewuste proses en gaan meestal gepaard met die aanleer of memoriseer van formele grammatikareëls. Die spreker word met genormeerde taal- en gebruiksreëls gekonfronteer wat hy/sy moet internaliseer. Dit is 'n proses van foutering en foutkorreksie.

Taalverwerwing, daarenteen, is 'n onbewuste proses. 'n Eerste- of 'n tweedetaal kan verwerf word (vgl Krashen 1982: 1). Die informasie wat sprekers oordra en nie die formele korrektheid van die uitinge nie, speel veral 'n rol by verwerwing. Die tweedetaalspreker moet 'n intuïsie ontwikkel vir wat reg en wat verkeerd is. Dit stem ooreen met die proses wat kinders gebruik om 'n eerste- of 'n tweedetaal te verwerf.

Ten opsigte van hierdie prinsipiële onderskeid kan dus gesê word dat die term “taalverwerwing” die verwerwing van beide 'n eerste- en 'n tweedetaal insluit en as 'n oorkoepelende term gebruik kan word, terwyl die term “taalaanleer” gebruik word as daar spesifiek na die aanleer van 'n tweedetaal verwys word.

1. Die aard van 'n intertaal

Een van die belangrikste bydraes tot navorsing in tweedetaalverwerwing was die ontwikkeling van die Inerttaalteorie deur Selinker in die vroeë sewentigerjare. Een van die metodes om 'n tweedetaal te verwerf is volgens Selinker (1972: 161) om 'n intertaal te skep.

'n Inerttaal is 'n kombinasie tussen twee sisteme: dié van die eerste- of moedertaal en dié van die tweedetaal. Ellis (1985: 299) beskou die intertaal as die sistematiese kennis van 'n tweedetaal wat los van beide die spreker se eerste- en tweedetaal staan (Ellis 1985:

299). Dis hierdie sistematiese kennis wat tweedetaalverwerwing kenmerk en wat waargeneem kan word op 'n gegewe stadium van ontwikkeling. Hoe 'n eerste- en tweedetaalkombinasie gevorm word, is nie in alle stadia van die taalverwerwingsproses ewe duidelik werksaam nie, maar die teorie is dat dit deurgaans onderliggend werksaam bly.

'n Intertaal kan verder omskryf word deur dit met die drie basiese eienskappe van 'n volwaardige taal te vergelyk. Dit is naamlik deurlaatbaar, dinamies en sistematies (vgl Selinker 1972: 209). Alle taalsisteme is deurlaatbaar ('n term wat daarop dui dat taalsisteme buigbaar is) en die intertaal verskil slegs van ander taalsisteme ten opsigte van die graad van deurlaatbaarheid. Die dinamika van die intertaal dui op die feit dat die reëls in 'n intertaal gedurig hersien en uitgebrei word. Dit toon dat 'n intertaal onstabiel is en gedurig na verandering en verbetering in die rigting van die tweedetaal neig. Die intertaal is sistematies omdat die tweedetaalspreker sy/haar strategieë op 'n bestaande reëlsisteem baseer, amper soos wat die eerstetaalspreker sy/haar strategieë op 'n interne kennis van die eerstetaalsisteem baseer.

Volgens Selinker (1992: 56) kan daar verskillende soorte intertaalsprekers onderskei word, nl 'n tipe 1 indiwidu wie se intertaal gestabiliseer het en 'n tipe 2 indiwidu wat nog besig is om sy/haar intertaal aan te leer en wie se intertaal mettertyd verander.

Stern (1991: 399) noem dat daar verskillende vlakke van bekwaamheid in die intertaal bestaan. Die spreker se intertaal kan van 'n basis- tot 'n gevorderde vlak ontwikkel. Bartning (1997: 15) onderskei sewe stadiums in intertaal, nl 'n prebasiese, 'n basiese, 'n post-basiese, 'n intermediêre, 'n gevorderde, 'n byna-moedertaal- en 'n moedertaalvlak.

Die intertaal kan dus as die teoretiese konstruksie gesien word wat as basis vir tweedetaalverwerwing dien en die stadiums van ontwikkeling identifiseer wat sprekers op pad na 'n tweedetaal ondergaan. Die bestudering van hierdie intertaal help om tweedetaalverwerwing beter te verstaan.

2. Intertaal as 'n variëteit en 'n afwyking van die standaardvorm

'n Vraag wat by intertaalsisteme na vore kom, is of intertaal as 'n variëteit en afwyking van die standaardvorm gesien kan word. Die terme "standaardvorm", "variëteit" en "afwyking" moet egter goed beskryf word alvorens 'n antwoord moontlik is.

Volgens Du Plessis (1987: 9) word die "standaardvorm" beskou as die taalvorm wat in universiteits- en kollegeklaskamers, in die parlement, kerke en howe in formele situasies gebruik word. Webb (1989: 428) beskryf dit as 'n "bowestreekse" variëteit wat sprekers gebruik wanneer hulle die hoëte kulturele funksies van die gemeenskap wil verrig, soos om mense te onderrig, wette te maak, die regsproses te bedryf en godsdiens en wetenskap te beoefen. Montgomery (1986: 137) toon oortuigend aan dat die standaardvorm nie 'n absolute vorm van "korrektheid" hoef te verteenwoordig nie, want daar moet voorsiening vir afwykings en variasie gemaak word, wat met die dinamika van taal te make het. Die intertaalsisteem het as verskynsel belangrike implikasies vir die standaardvorm, want dit kan as 'n variëteit ontwikkel, naas ander variëteite van die standaardtaal.

Die term "variëteit" word soos volg deur Du Plessis (1987: 8) gedefinieer:

'n Variëteit van 'n taal is 'n patroonmatige sisteem van linguïstiese items met ooreenstemmende sosiale en/of geografiese verspreiding. Variëteite sluit hiervolgens eenhede groter as dialekte (byvoorbeeld verskillende tale) en eenhede kleiner as dialekte (byvoorbeeld registers) in.

Webb (1989: 6) definieer dié term soos volg:

'n Variëteit van 'n taal kom tot stand wanneer 'n aantal variante gesamentlik geassosieer raak met 'n bepaalde groep mense, 'n bepaalde situasie of 'n bepaalde aktiwiteit.

Van belang in hierdie definisies is dat 'n variëteit "'n patroonmatige sisteem van linguïstiese items met sosiale verspreiding" en eenhede "groter as dialekte" en "eenhede kleiner as dialekte" insluit. Dit word "gesamentlik geassosieer met 'n bepaalde groep mense", in hierdie geval tweedetaalsprekers van Afrikaans, asook "'n bepaalde

situasie of 'n-bepaalde aktiwiteit", dws situasies waar en wanneer die tweedetaal gepraat word.

Wat die begrip "afwyking" betref, onderskei Carstens (1994: 239) tussen taalfoute en taalafwykings en noem dat 'n taalafwyking as swak of slordige taalgebruik beskou word, maar in sommige gevalle wel toelaatbaar is, terwyl 'n taalfout as verkeerde of onjuiste taalgebruik gesien word en ontoelaatbaar is. Afwykings kan egter as 'n positiewe faktor in die tweedetaalverwerwingsproses gesien word, aangesien dit deel van die spreker se tweedetaalontwikkeling vorm. Hierdie "sommige gevalle" waarvan Carstens praat, is ter sake by die skepping van die intertaal. Dis egter 'n positiewe verskynsel hier.

In hierdie verband moet die eerstetaalverwerwingsteorie as basis dien, wat afwykings van die standaardvorm as algemeen beskou en dit sien as sistematiese stadiums in die taalverwerwingsproses. Die tradisionele benadering tot tweedetaalverwerwing sien afwykings as blote "foute" (Van Els *et al* 1987: 36). 'n Eerstetaalverwerwingsteorie maak voorsiening vir afwykings van die norm en 'n tweedetaalverwerwingsteorie behoort dit ook te doen. As tweedetaalverwerwing só verstaan word, sal dit die siening van die spreker sowel as dié van die onderwyser en student verander. Vergelyk Ellis (1985: 285) en Van der Walt (1988: 103) vir 'n bespreking van hierdie belangrike didaktiese konsekwensie.

Corder (1967: 167; 1981: 11) noem ook dat afwykings nie altyd in 'n negatiewe lig gesien hoef te word nie, maar hoogs sistematies kan wees en as vensters tot die spreker se vordering in die tweedetaal of vensters tot die spreker se "ingeboude sillabus" dien. Hierdie siening skakel in by die intertaalteorie, maw die afwykings vorm deel van die spreker se intertaal en dien as vensters tot die vlak van die spreker se intertaal. Afwykings kan noodsaaklike tussenstasies wees, belangrik vir selfevaluasie en miskien ook vir terapie. Dit kan baie belangrike inligting ivm die spreker se linguistiese ontwikkeling verskaf en kan 'n baie belangrike skakel in die ewaluering van die tweedetaalspreker se intertaal vorm. Afwykings kan as bewyse van die spreker se aktiewe bydrae tot tweedetaalverwerwing dien. Só gesien, is afwykings sinvolle taalmomente en nie bloot korrigeerbare foute nie.

3. Voorbeelde van afwykings

In 'n navorsingstudie wat by die Qwa-Qwa-kampus van die Universiteit van die Noorde gedoen is, is heelwat afwykings in die Afrikaans van tweedetaalsprekers aangetref (Stander 1988). Deur 'n kontrastiewe en foutanalise van hul intertaal te doen, kon baie van die afwykings verklaar word. Die basiese verskil tussen hierdie twee tipes analyses is dat die kontrastiewe analise twee of meer tale met mekaar vergelyk om onder andere die afwykings asook die oorsake van die afwykings in die tweedetaal vas te stel. Die moedertaal van hierdie sprekers is Sesotho. 'n Foutanalise konsentreer op en verklaar net die afwykings in die intertaal van die spreker, sonder om die moedertaal van die spreker in ag te neem. Ten spyte van die feit dat die Foutanalise-teorie as reaksie op die Kontrastiewe Analise-teorie ontstaan het en daar gebreke in beide hierdie twee analyses voorkom, kan albei nuttig aangewend word om die intertaal van 'n spreker te analiseer. Vervolgens word die afwykings van hierdie sprekers van nader bekyk.

3.1 Fonetiese afwykings

Afwykings ten opsigte van vokale en konsonante kom algemeen by hierdie groep tweedetaalsprekers voor. Die hoofrede vir hierdie afwykings is die verskille tussen Sesotho en Afrikaans en die feit dat sommige Afrikaanse vokale nie in Sesotho bestaan nie, bv [e, y, ø, æ, œ]; dat diftonge nie in Sesotho voorkom nie; dat sommige vokale laer as in Afrikaans uitgespreek word; dat Sesotho vokale het wat dikwels verhoog kan word; en dat nasalering nie in Sesotho voorkom nie. Van die afwykings wat aangetref is, is onder meer:

- Vokaalverlaging waar die [ə] na die [ɑ] verlaag word, bv [mafɾœu] ipv [mɑfɾœu] (mevrou).
- Vokaalverhoging waar die [ə] na [e] verhoog word, bv [ɛn] ipv [ən] (in).
- Ontronding waar [ø] na [e:ə] ontrond word, bv [se:ənci] ipv [søŋci] (seuntjie).
- Verlenging waar [ɑ] na [ɑ:] verleng word, bv [mɑ:nə] ipv [manə] (manne).
- Verkorting waar [ɑ:] na [ɑ] verkort word, bv [pɑr] ipv [pa:r]

(paar).

- Weglatings waar 'n [ɑ] weggelaat word, bv [sigret] ipv [sixaret] (sigaret).
- Invoegings waar 'n [ə] ingevoeg word, in bv [əiənde] ipv [əində] (einde).
- Diftongering waar 'n enkelvokaal soos 'n diftong uitgespreek word, bv [ɔ] as [ɔi] in [dɔiŋki] ipv [dɔŋki] (donkie).
- Monoftongering waar 'n diftong tot 'n enkelvokaal verkort word, bv [əi] tot [ə] in [bləkba:r] ipv [bləkba:r] (blykbaar).

Afwykings tov konsonante kom gereeld voor. Die redes is weereens die verskille tussen Afrikaans en Sesotho: die konsonante [c, g, v, ʋ, z, ʒ, m] kom nie in Sesotho voor nie; konsonante in Sesotho word dikwels geaspireer; Sesotho vermy konsonantopeenhoping en plaas vokale tussen konsonante; en Afrikaans het geen suigklanke soos in Sesotho nie.

Die volgende afwykings kom voor:

- Affrisering waar die halfvokaal soos 'n affrikaat uitgespreek word, bv die [j] en [ç] in [çɑ:r] ipv [jɑ:r] (jaar).
- Metatesis waar die volgorde van klanke omgeruil word, bv [ɔr] ipv [rɔ] in [bɔŋkɔt] ipv [bɔŋkrɔt] (bankrot).
- Klankvervanging waar klanke deur mekaar vervang word, bv [n] ipv [m] [adənsto:t] ipv [asəmsto:t] (asemstoot).

In 'n kontrastiewe analise word daar na die klankstrukture van albei tale gekyk. So byvoorbeeld toon Combrink & De Stadler (1987: 134) aan dat verkorting van vokale in Afrikaans as 'n manifestasie van vokaalverswakking gesien kan word. Die rede is omdat die vokaal minder klem kry. Odendal (1989: 161) sê dat vokaalverkorting dikwels in informele taal, nie-standaard- en dialektiese vorme voorkom. Een van die redes waarom die Sesotho-spreker die Afrikaanse vokaal sal verkort, is moontlik nav die informele spraak van eerstetaalsprekers van Afrikaans. Guma (1981: 28) noem dat normale vokaallengte in Sesotho by eensillabige woorde voorkom, bv [ja] (eet). Dit is moontlik die rede waarom verkorting in Afrikaans as tweedetaal by eensillabige woorde voorkom. Die volgende afwykings vind plaas as gevolg van hierdie verskille, bv [jɑx] ipv [ja:x]; [pɑr] ipv

[pa:r]; [dar] ipv [da:r]. Voorbeelde is selfs by meersillabige woorde aangetref, bv [nɸsxate] ipv [nɸsxə:te]; [ɗardi] ipv [da:rdi].

In 'n foutanalise word daar na die spesifieke afwyking of probleem gekyk, byvoorbeeld die uitspraak van [xroter] as [xro:ter]. Hier word die [o]-vokaal verleng. Die rede hiervoor kan as volg aangevoer word: die stamvokaal in [xrot] word as [o] uitgespreek, maar met twee o's gespel om dit van die uitspraak in [xrot] as [ɔ] te onderskei, wat met een o gespel word. In die vergrotende trap word die woord [xroter] met een o gespel, maar as [o:] uitgespreek. Wat verwarrend vir die tweedetaalspreker is, is die spelling van [xrot] (groot) met twee o's en uitspraak [o] en [xro:tər] (groter) met een o, maar met die uitspraak [o:] en nie [ɔ] nie. Dit kom daarop neer dat oo = [o:] (groot) en o = [o] (groter).

3.2 Sintaktiese afwykings

3.2.1 Voornaamwoorde

In Sesotho word daar nie 'n onderskeid tussen manlike en vroulike voornaamwoorde gemaak nie. Iets soos die volgende kom algemeen voor: *Die vrou by loop met die pad*. Die besitlike vorm in Sesotho verskil van Afrikaans en die tweedetaalspreker sal liever iets soos die volgende sê: *die mes van Jan* ipv *Jan se mes*.

3.2.2 Voorsetsels

Sesotho maak van grammatiese vorme soos prefikse en suffikse gebruik om die funksie van die voorsetsel te vervul, terwyl Afrikaans van sintaktiese vorme gebruik maak. Enkele voorbeelde hiervan is:

- Weglating van voorsetsels, bv *by sé ek het () my vader se fiets gery*.
- Toevoeging van voorsetsels, bv *daar sien ons met die woord*.
- Omruiling van voorsetsels, bv *huis met (van) (die) planke*.

3.2.3 Lidwoorde

Sesotho het geen lidwoorde nie en dit is die oorsaak vir afwykings in dié verband. Enkele voorbeelde is:

- Bepaalde lidwoord ipv onbepaalde lidwoord, bv *Hulle noem dit die ('n) sinkplaat*.

- Weglating van lidwoorde, bv *Na () baie lang tyd.*
- Onbepaalde lidwoord saam met 'n meervoudsvorm, bv 'n *voorbeeld.*
- Onbepaalde lidwoord saam met 'n massanaamwoord, bv 'n *water.*

3.2.4 Werkwoorde

Enkele voorbeelde van afwykings ten opsigte van werkwoorde is:

- Weglaat van hoofwerkwoorde, bv *Die onderwerp () voor 'n handeling (kom).*
- Weglaat van die koppelwerkwoord is, bv ... *wat in sy pa se geboutjie (), onthou.*
- Skeiding van werkwoorde as deeltjiewerkwoord, bv ... *toe sal stem (sal toestem).*
- Verkeerde keuse tov werkwoordtyd, bv *Hy moet eers uitgevind het (moes).*
- Invoeging van hulpwerkwoord van tyd, bv ... *was netjies opgerol het.*

3.2.5 Adjunkte

Adjunkte in Afrikaans het selfstandige betekenis, maar in Sesotho is dit afhanklik van die werkwoord of selfstandige naamwoord en word deur affikse gevorm. Enkele voorbeelde in hierdie verband is:

- Verskillende verwysings na dieselfde lokaliteit, bv *Die klok waaroor hulle hier praat, hy sê daar was ...*
- Herhaling van adjunk en die gebruik van adjunk as stopwoord, bv ... *maar by nou hierdie persoon sien en toe kom hierdie vraag nou by hom op ...*
- Weglaat van die adjunk meer, bv *Hoe ouer hy word, hoe () kom daardie gedagtes ...*
- Verkeerde sinsposisie van adjunk, bv *Was ook God daar?*
- Herhaling van adjunk, bv *Ons kan eintlik sê dat by eintlik krom was, dat by eintlik oud was.*

3.2.6 Ontkenning

Sesotho het nie 'n dubbele ontkenningsvorm nie. In hierdie opsig is Afrikaans uniek. Voorbeelde soos die volgende is baie algemeen by tweedetaalsprekers:

- Weglaat van tweede ontkenningsvorm, bv *Hy kom nie huistoe* ().
- Invoeging van derde ontkenningsvorm, bv *Hy sal nie weet nie of ek gaan kom nie.*
- Onnodige invoeging van tweede ontkenningsvorm, bv *Hy nie weet nie.*

3.2.7 Sinsvolgorde en bysinne

Bysinvolgorde is dieselfde as die hoofsinvolgorde in Sesotho en inversie vind nie plaas soos by Afrikaans nie. Daar vind ook nie verandering van die sinsvolgorde ná die voegwoord plaas nie. Vraagsinvolgorde in Sesotho bly dieselfde as die hoofsinvolgorde en geen werkwoordverskuiwing vind plaas nie. Vergelyk die volgende voorbeelde:

- Hoofsinvolgorde na die voegwoord, bv *Hy sê dat die man gaan dorp toe.*
- Stelsinvolgorde in vraagsin, bv *Wie kan my vertel wat is die betekenis van daardie woord?*

In 'n kontrastiewe analise word daar na die sintaktiese struktuur van albei tale gekyk. Ter illustrasie word aanwysende voornaamwoorde en lidwoorde hier bespreek.

Aanwysende voornaamwoorde: *hierdie*, *daardie* en *dié* in Afrikaans kan attributief sowel as selfstandig optree. As dit attributief optree, is dit 'n aanwysende voornaamwoord, bv *dit is my ideaal daardie*. In die attributiewe gebruik is *dié* 'n variant van *hierdie* (Ponelis 1979: 91). Die lokatiewe bywoorde *hier* en *daar* is hierby ingebou (Ponelis 1979: 89). Kok (1975: 41) noem dat aanwysende voornaamwoorde in Sesotho byna altyd predikatief gebruik word, ná die selfstandige naamwoord, bv *Sefate sena (boom hierdie)*. Alhoewel daar ses verskillende aanwysende voornaamwoorde in Sesotho is, word *hierdie*, *daardie* en *doerdie* die meeste gebruik. *Hier*, *daar* en *dié* word hierby ingebou, bv *Sefate seo (boom daar)*; *Sefate seo re se remileng (boom, dié een wat ons afgekap het)*; *Sefate sane (boom, daardie een daar ver, wat darem nog*

gesien kan word). Dit lyk asof aanwysende voornaamwoorde in Sesotho en Afrikaans ooreenstem, behalwe vir die plasing voor of na die selfstandige naamwoord. Dit is moontlik die enigste rede vir afwykings. As gevolg hiervan kom daar afwykings soos die volgende voor: 'n Wedren daar is 'n resies; Ons weet onmiddellik dat daar miskien die grootste was; Dit is 'n bobbejaan daardie een wat dom is.

Lidwoorde: lidwoorde in Afrikaans is 'n subklas van die determinerders en kan bepaald of onbepaald wees, nl *die* en '*n* (Ponelis 1979: 123). Ponelis noem dat die bepaalde lidwoord *die* met die meeste soorte naamwoorde verbind en die onbepaalde lidwoord met enkelvoudige soortnaamwoorde. Daar bestaan geen lidwoord in Sesotho nie en bepaaldheid en onbepaaldheid word kontekstueel verreken (Kok 1975: 1). As gevolg van hierdie verskille kom die volgende afwykings dikwels voor: bepaalde ipv onbepaalde lidwoorde; onbepaalde ipv bepaalde lidwoorde; weglating van lidwoorde; toevoeging van lidwoorde; en bepaalde lidwoorde saam met massanaamwoorde, bv *hulle noem dit die sinkplaat*; vir '*n* laaste keer; *daar is () paar van julle*; *ek eet 'n uie*; '*n* sand, ens (Stander 1998: 79).

In 'n foutanalise word daar na die afwyking self gekyk en verklaarings vir dié afwyking gesoek. Ter illustrasie die volgende:

- *Goed, nou was hulle besig om Ciske se fiets se saal te laat sak sodat hy kan die pedale bereik.*

In die foutanalise kan verklaar word dat die bysinvolgorde *sodat hy die pedale kan bereik* afwykend gebruik word as *sodat hy kan die pedale bereik*. Die volgorde van die bysin stem met die hoofsinvolgorde ooreen, nl SVO ipv SOV. Die hulpwerkwoord *kan* skuif nie na die sinseindposisie nie, maar bly in die V-tweede posisie (vgl Stander 1998: 64).

Wat die lidwoordafwyking betref, die volgende voorbeeld:

- *En die twee slang, as ons hulle so vergelyk, die ander een is die groter as die een wat die meisie ingesluk het.*

In die foutanalise kan verklaar word dat die lidwoordinvoeging plaasvind: *die ander een is die groter as dié een*. Die woord voor die adjektief *groter* ingevoeg. Dit is wel moontlik in 'n konstruksie soos: *die groter blom*, waar die adjektief attributief gebruik word, maar in 'n

konstruksie soos *die een is groter as ...* word die adjektief predikatief gebruik en word die lidwoord nie hier ingevoeg nie.

3.3 Morfologiese afwykings

Woordvorming in Sesotho is baie meer afhanklik van affikse as Afrikaans en byna alle woorde in Sesotho is gelede woorde. Sesotho maak slegs van suffikse gebruik om die verkleining aan te dui, terwyl Afrikaans adjektiewe gebruik. Afrikaans maak van suffikse gebruik om die meervoud aan te dui, terwyl Sesotho van prefikse gebruik maak. Sesotho maak dikwels eerder van omskrywings ipv samestellings gebruik.

Die volgende voorbeelde van morfologiese afwykings kom dikwels voor:

- Verkeerde invoeging van die prefiks *ge-* by werkwoorde om verlede tyd aan te dui, bv *Iets wat Ciske aangestoot het (aanstoot gegee het)*.
- Invoeging van 'n prefiks as substantiveerder ipv suffiks, bv *ver-* ipv *-d*, bv *Daardie vermoor (moord) het nou gisteraand daar gebeur*.
- Weglaat van verkleiningsuffiks, bv *-tjie* in: *Klein bobbejaan (-tjie)*.
- Omskrywing ipv samestelling, bv *'n Bok wat gemaak is met karton (kartonboks)*.

In 'n kontrastiewe analise word daar na die morfologiese struktuur van albei tale gekyk. Ter illustrasie hiervan word daar na meervoudsvorme en getal gekyk. In Afrikaans word meervoude deur stam + suffiks aangedui en kan verder versterk word deur 'n getal (bepaald of onbepaald) voor die selfstandige naamwoord te plaas, bv *twiefbaie skape*. Combrink (1990: 123) noem dat enkelvoud en meervoud in Afrikaans tradisioneel saamgevat word onder die begrip "getal" en dat daar 'n vormlike verskil by soortnaamwoorde tussen die enkelvoud en die meervoud is, wat betekenisonderskeidend optree. In Sotho word die meervoud, in teenstelling met Afrikaans, deur die prefiks aangedui. Enkelvoud-prefikse kan deur meervoud-prefikse vervang word in Sotho, wat heeltemal van Afrikaans verskil (Klopper 1981: 287). Volgens Kok (1975: 90) is daar 12 prefiks-klasse in die derde persoon wat enkelvoud en meervoud aandui. Enkele voorbeelde is: *le-* (*lesole*) - enkelvoud, teenoor *ma-* (*masole*) - meervoud.

In 'n foutanalise kan 'n afwyking soos die volgende soos volg verklaar word: *die twee slang*: in hierdie geval is daar twee keuses, óf dit kan wees *die tweede slang* óf dit kan wees *die twee slange*. Hierdie afwyking het twee moontlikhede, nl die telwoord *twee/tweede* in hooftelwoordvorm en rangtelwoordvorm, en die meervoudsvorm *slang/slange*.

3.4 Leksikaal-semantiese afwykings

'n Afwykende woordkeuse is die grootste probleem by verskynsels van hierdie aard. Die rede daarvoor is moontlik 'n gebrek aan begrip van die semantiese verband waarin sekere woorde gebruik word. Afwykings kom dikwels voor agv verkeerde vertaling, bv *krom* word met *oud* vertaal; *ru* word met *kort* vertaal. Verkeerde woordkeuse kom ook voor bv *julle ken nou die sinkplate (weet wat sinkplate is)* en *voetstaple* ipv *voete*. Engelse invloed speel ook 'n rol bv *werkplace* ipv *werkplek* waar die Engelse *place* ipv die Afrikaanse *plek* gebruik word.

In 'n kontrastiewe analise word die leksikale strukture van die twee tale met mekaar vergelyk. Die beginsels van die leksikale semantiek geld vir Afrikaans sowel as vir Sotho en die aspek van betekenis is dieselfde vir albei tale, maar die verskille lê daarby dat Afrikaans verskillende woorde het om dieselfde saak aan te dui terwyl Sotho een woord vir meer betekenis het. Ter illustrasie kan die voorbeeld wat hierbo genoem is, nl *ken/weet* gebruik word om te verduidelik. In Sotho beteken *tseba* sowel *ken*, *weet* en *in staat wees as kan*. Daarom kom afwykings soos die volgende voor: *julle ken nou die sinkplate* ipv *julle weet nou wat sinkplate is*. Sotho gebruik ook toonhoogte om tussen woorde te onderskei, bv *bónà* (*sien*) en *bóná* (*bulle*), terwyl Afrikaans klem gebruik, bv *onderw'ys* en *ónderwys*. In hierdie voorbeelde het toonhoogte en klem beide 'n semantiese funksie op 'n leksikale vlak.

In 'n foutanalise word daar op die probleem self gekonsentreer. Die voorbeeld *julle ken nou die sinkplate* kan weer gebruik word om te verduidelik. *Ken* is die verkeerde woordkeuse en *weet* sal 'n beter keuse wees, nl *Julle weet wat sinkplate is*. Alhoewel *ken* en *weet* semanties in dieselfde polisemiese woordgroep mag val, kan die een nie sonder meer deur die ander vervang word nie, bv *Ek ken die man/*ek weet die man*. As *weet* gebruik word, vereis dit die gebruik van

'n voornaamwoord daarmee saam, bv *Ek weet wie die man is*. Daar is ook 'n kontekstuele betekenisverskil, nl as jy iemand *ken*, sê dit meer van jou persoonlike verhouding met daardie persoon as wanneer jy net *weet* wie hy is. *Ken* en *weet* is dus betekenisonderskeidinge van dieselfde begrip.

Moontlike ander oorsake vir afwykings is taaloordrag, ontlening, veralgemening, vermyding, die invloed van die eerstetaal en/of Engels en interferensie (Stander 1998: 123). Hierdie oorsake kan as strategieë dien wat die spreker met sy/haar tweedetaal help. Dit word verder hieronder bespreek.

Die analise hierbo toon dat daar heelwat verskille tussen Afrikaans en Sesotho is en dat hierdie verskille hoofsaaklik die probleme wat tweedetaalsprekers ondervind en die afwykings wat voorkom, veroorsaak. Die afwykings van hierdie sprekers, asook die oorsake van hul afwykings en die verklarings vir hul spesifieke intertaalvorm kan gesien word as vorme van taaloordrag. Dit kan nuttig vir taalonder-rigmateriaal gebruik word.

Hierdie voorbeelde bevestig dat 'n intertaal as 'n variëteit en 'n afwyking van die standaardvorm gesien kan word, soos hierbo genoem. Die intertaal van die tweedetaalspreker is nog nie op dieselfde "vlak" as die standaardvorm nie en word deur vele afwykings gekenmerk. Dit maak 'n volgende fase van die taalverwerwingsproses gebiedend, nl dat die spreker van strategieë gebruik maak om hom/haar met sy/haar tweedetaalverwerwing te help.

4. Die uitbouing van die intertaal

Tweedetaalsprekers gebruik verskeie strategieë om hulle verwerwingsprobleme te oorkom. Hierdie strategieë help die spreker om kommunikasie te bevorder. Kommunikasie in die tweedetaal impliseer die oordrag van betekenis en boodskappe. Om dit te kan doen moet die spreker sy/haar intertaalsisteme ontwikkel en sy/haar tweedetaal-*competence* verbeter. Dit is belangrik dat die tweedetaalspreker die nuwe tweedetaalreëls ken en weet hoe om bestaande reëls te hanteer (vergelyk Færch & Kasper 1984: 2). As hy/sy daarin kan

slaaq behoort hy/sy redelik suksesvol in sy taalverwerwingspogings te wees.

Tarone *et al* (1984: 4) noem dat dit lyk asof suksesvolle sprekers soveel moontlik strategieë bewustelik gebruik wat hul aktiewe betrokkenheid in taalverwerwing aantoon. Volgens Færch & Kasper (1984: 212) word daar egter 'n bewuste poging deur die spreker aangewend om 'n gedagte of betekenis in die tweedetaal oor te dra in 'n situasie waar sy/haar intertaal nie daarin slaag om dit te doen nie. Gamaroff (1987: 10) is egter van mening dat die meeste strategieë onbewustelik aangewend word, maar dat die vermyding van negatiewe taaloordrag wel bewustelik plaasvind.

Daar bestaan verskillende strategieë wat sprekers aanwend om hulle probleme te oorkom, oa taaloordrag, vertaling, ontlening, vereenvoudiging en vermyding. Dieselfde strategieë kan ook die oorsaak wees waarom 'n spreker nie met sy tweedetaalverwerwingsproses vorder nie. Bogenoemde strategieë word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

Taaloordrag vind plaas as daar materiaal van die eerste- en tweedetaal na die intertaal oorgedra word (Selinker 1992: 51 & 101). Die rede waarom taaloordrag plaasvind, is volgens Littlewood (1984: 18) die spreker se soek na 'n strategie om beter in die tweedetaal te kommunikeer. Die spreker kies dan 'n element uit sy/haar eerstetaal wat hy/sy in sy/haar intertaal kan gebruik. Taaloordrag is soms die beste manier om beheer oor die woordeskat in die tweedetaal te verbeter (Stander 1998: 15). Voorbeelde hiervan is wanneer 'n klank uit die eerstetaal (in hierdie geval Sesotho) op die intertaal oorgedra word, bv *heilige* word uitgespreek as *heilage* omdat Sesotho nie 'n [ə]-klank het nie. Dit kom ook by die gebruik van woordorde voor, bv *Die man wat by loop by die pad, is my broer*. Omdat die volgorde van die bysin in Sesotho nie verander nie, word dit net so oorgedra op Afrikaans.

Die navorsing in Qwa-Qwa het verdere lig op hierdie onderwerp gewerp. Waar taaloordrag normaalweg beskryf word as die oordrag tussen twee taalsisteme, is daar in die genoemde navorsing bevind dat taaloordrag ook van die onderwyser na die leerlinge plaasvind. Die onderwyser dra die kennis, reëls en strukture van sy/haar intertaal na die intertaal van die leerlinge oor. Daar moet in gedagte

gehou word dat die onderwysers waarvan hier gepraat word, tweedetaalsprekers van Afrikaans is. Dit beteken dat die leerling voortdurend aan Afrikaans as tweedetaal blootgestel word, en nie aan Afrikaans as eerstetaal nie.

'n Strategie wat dikwels met taaloordrag verwar word, is vertaling. Omdat die spreker met twee tale te doen het, kan hy bewustelik of onbewustelik van die een taal na die ander vertaal. As daar te veel op vertaling gekonsentreer word, sal dit sy intertaal ernstig benadeel. 'n Voorbeeld van vertaling kan in die volgende gesien word: *die dogter dink sy ou dae terug (ngwanana o hopola mehla ya hae e fetileng)*. Dit is 'n voorbeeld van direkte vertaling.

Nog 'n strategie wat by taaloordrag en vertaling aansluit, is ontlening. Dit sluit by taaloordrag aan wanneer die spreker 'n tweedetaalvorm vermy deur sy ekwivalent uit die eerstetaal oor te dra. Vertaling werk eintlik op dieselfde manier: 'n woord word uit die eerstetaal gehaal om in die intertaal te gebruik. Odlin (1989: 7) reken dat ontlening net nog 'n soort taalvermenging is. 'n Klank word byvoorbeeld uit die eerstetaal oorgedra en dit word vermeng en veralgemeen met klanke in die tweedetaal wat min of meer dieselfde is. Die gebruik van die eerstetaal op hierdie manier is 'n strategie om kommunikasie aan te help. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer die [ɕ]-klank in Sesotho op die [j]-klank in Afrikaans oorgedra en vermeng word, bv *Julle* uitgespreek as *djulle*. *Jala* in Sesotho word met 'n [ɕ]-klank uitgespreek as *djala*.

Behalwe bogenoemde strategieë maak die spreker dikwels van vereenvoudiging gebruik om hom/haar in sy/haar intertaal te help. Vereenvoudiging is in werklikheid 'n tipe vermyding, omdat die spreker ingewikkelde strukture vermy. Vereenvoudiging word soos volg deur Ellis (1985: 304) beskryf:

Simplification refers to the way in which learners seek to ease the burden of learning or using a second language by controlling the number of hypotheses they try to form at any one stage of development, or by omitting grammatical and/or propositional elements in production.

Vereenvoudiging sluit oorveralgemening, taaloordrag, vermyding en reduksie in. Voorbeelde hiervan word veral op morfologiese vlak aangetref, bv *Aanstoot gegee het* — *aangestoot het*.

Vermyding kan as 'n oorkoepelende term vir bogenoemde strategieë gesien word (vgl Cook 1993: 68), aangesien almal in 'n mindere of meerdere mate met vermyding te doen het. Vermyding vind plaas as daar nie genoeg ooreenstemming tussen die eerste- en die tweedetaalstrukture is nie. Grieshaber (1983: 53) gebruik 'n ander benaming vir vermyding, nl "kreatiewe ontsnapping". Hy gebruik die term kreatief omdat die mens se taalvermoë in wese kreatief is. Kreatiewe ontsnapping vind plaas as die spreker 'n taalvorm op 'n kreatiewe wyse vermy of daaraan wil "ontsnap". Tweedetaalsprekers laat dikwels klanke, woorde en morfeme weg as hulle onseker is, bv *spesifiek* (spesifiek) — [ə]-klank word weggelaat; *hy het van () natuur geken* — lidwoord *die* word weggelaat; *kyk (bekyk)* — morfeem *be-* word weggelaat.

Behalwe grammatiese afwykings wat die verwerwingsproses belemmer en ten spyte van bogenoemde strategieë wat die spreker in sy/haar pogings met die vorming van sy/haar intertaal kan help, is daar talle ander faktore wat die verwerwingsproses kan belemmer. Dit word vervolgens bespreek.

5. Faktore wat die vorming van die intertaal belemmer

Die faktore wat hier genoem word, is meestal sosiolinguistiese faktore. Dit sluit oa kultuur, situasie en konteks, kommunikasie, persoonlikheid, taalkontak, sosiale afstand, die invloed van die eerstaal, die invloed van Engels en interferensie in.

Taalverwerwing is 'n sosiale proses en die rol wat sosiolinguistiese faktore tov tweedetaalverwerwing en -onderrig speel, is geweldig belangrik. Navorsing op sosiolinguistiese gebied dra aansienlik by tot navorsing en teorieë oor tweedetaalverwerwing. Die volgende aanhaling van Beebe (1988: 44) beskryf wat navorsing in die sosiolinguistiek vir tweedetaalnavorsing beteken:

Thus, sociolinguistic research has contributed to second language research in important ways. It has provided a description of

systematic, socially conditioned variation in English so that we understand better the target language we are teaching, and has given us scientific methods of inquiry (eg Labov, Hymes, Bickerton) that can be applied to interlanguage analysis.

Een van die belangrikste sosiale faktore wat 'n rol in tweedetaalverwerwing speel, is kultuur. Dit word veral deur Swartz (1996: 55) beklemtoon, wat meen dat die rol van die teikenkultuur in tweedetaalverwerwing al hoe belangriker word. Die sukses en die stand van die spreker se intertaal word deur die verhouding tussen tale en kulture bepaal. Volgens Ellis (1985: 251) kry sprekers telkens met nuwe kulture te doen en leer hulle nuwe kulture aan.

Net soos kultuur, speel die konteks waarin taalverwerwing plaasvind 'n belangrike rol. Hiermee word bedoel die situasionele konteks en/of die taalomgewing. Die sukses wat 'n spreker tog sy kommunikasie met 'n vreemde kultuurgroep sal hê, sal afhang van die situasie en die konteks waarin die kommunikasie plaasvind (Sheils 1988: 1). Volgens Littlewood (1984: 52) sal 'n leerder se kommunikasie bevorderd word as hy/sy meer betrokke by sosiale interaksie is, want hy/sy sal meer geleenthede hê om sy/haar intertaal te ontwikkel. Deur die sosiale interaksie waarby die spreker betrokke is, word die geleentheid vir taalkontak geskep. Taalkontak is 'n belangrike sosiale faktor en moet teen die agtergrond van 'n breë sosiokulturele situasie gesien word. Die interrelasie van sosiokulturele en linguïstiese verskynsels is sigbaar in 'n taalkontaksituasie, veral wanneer dialekte met mekaar in aanraking kom. Weinreich (1979: 4 & 83) het veral hieraan aandag geskenk.

As gevolg van taalkontak, kan interferensie ('n term wat dikwels negatiewe konnotasies het) intree. Interferensie is een van die vele prosesse verantwoordelik vir die totstandkoming van 'n intertaal. Ellis (1985: 48) is van mening dat interferensie 'n bydrae tot intertaal maak waar twee tale betrokke is en word deur Littlewood (1984: 17) as die grootste hindernis vir volwasse tweedetaalverwerwing beskou. Interferensie kan gesien word as ou, bestaande gewoontes wat in die pad van nuwe, aangeleerde gewoontes staan (Ellis 1985: 299).

Gebrekkige taalkontak met eerstetaalsprekers, aan die ander kant, lei tot probleme met tweedetaalverwerwing en die vorming van die intertaal. 'n Gebrek aan voldoende taalkontak lei tot sosiale afstand

of verwydering tussen die eerste- en die tweedetaalspreker. Dit kan taalverwerwing belemmer en is een van die faktore wat die verwerwingsproses ernstig kan benadeel. Sosiale afstand verwys na die posisie van die leerder teenoor die tweedetaalgemeenskap (Ellis 1985: 251). As die afstande tussen tale en gemeenskappe te groot is, sal die spreker moontlik nie by die eerste stadiums van die verwerwingsproses verbykom nie. Dit kan daartoe lei dat daar groter invloed van die eerstetaal plaasvind. Dit is dikwels die grootste negatiewe faktor by tweedetaalverwerwing. Eerstetaalinvoer kan soms vir die tweedetaal instaan as die spreker nog nie genoeg kennis in die tweedetaal verwerf het nie, maar dit kan ook 'n aanduiding van swak taalverwerwing wees (Stander 1998: 31). Die spreker se intertaal sal dan 'n groot teenwoordigheid van sy/haar eerstetaalstrukture toon.

As die spreker hom/haarself in 'n omgewing bevind waar daar min kontak met die eerstetaal is (in hierdie geval Afrikaans), maar meer kontak met Engels, kan die invloed van Engels (veral in Suid-Afrika) 'n geweldige groot rol speel om die verwerwing van Afrikaans te benadeel. Engels is ook vir baie sprekers in Suid-Afrika 'n tweedetaal en daarom sal dit 'n groot rol by die verwerwing van 'n ander tweedetaal speel. Engels kan dan 'n sterk invloed op die intertaal van byvoorbeeld Afrikaans as 'n tweedetaal hê. Dit het nie net 'n invloed op Afrikaans as tweedetaal nie, maar ook op Afrikaans as eerstetaal, omdat Afrikaans nog steeds in 'n taalkontaksituasie met Engels verkeer. Daar vind nog steeds veranderings in Afrikaans plaas (Donaldson 1988: 80).

Behalwe die bogenoemde eksterne faktore is daar ook interne faktore, soos persoonlikheid, by die vorming van die intertaal betrokke. Dit sluit weer faktore soos identiteit, emosie, gesindheid, taalaanleg en motivering in. Hierdie faktore kan óf die verwerwingsproses aanhelp óf belemmer. Identiteit en persoonlikheid gaan hand aan hand en kan weer emosionele faktore soos motivering en gesindheid beïnvloed (Stern 1991: 375). Die taalaanleg en taalvermoë van 'n spreker beïnvloed weer die sukses wat hy/sy met die taalverwerwingsproses het (Littlewood 1984: 62). As 'n spreker nie gemotiveerd is nie, beïnvloed dit sy/haar gesindheid teenoor die tweedetaal, wat dan weer sy/haar sukses kan belemmer.

As gevolg van die negatiewe invloed wat bogenoemde faktore op die taalverwerwingsproses het, gebeur dit dikwels dat tweedetaalsprekers se intertaal op 'n sekere vlak stabiliseer. Dit is 'n belangrike funksie in tweedetaalnavorsing om die intertaal van die tweedetaalspreker te analiseer en vas te stel watter faktore die intertaal van die tweedetaalspreker beïnvloed en op watter vlak sy/haar intertaal is. Bogenoemde kontrastiewe en foutanalises is 'n voorbeeld hiervan.

6. Slot

Die bostaande bespreking oor tweedetaalverwerwing raak net die puntjie van die ysberg. 'n Tweedetaalverwerwingsteorie behels soveel aspekte as wat die linguistiek self behels, omdat die hele taalproses en -beskrywing van vooraf beskou moet word.

Studies oor die verwerwing van 'n tweedetaal bring voortdurend nuwe insigte mee en dit is in Suid-Afrika van besondere belang, omdat hier soveel verskillende tale is en niemand meer net met een taal oor die weg kan kom nie. Navorsing in hierdie verband moet nie net van die kant van Engels of Afrikaans kom nie, maar navorsers in die ander amptelike tale moet aangemoedig word om sulke navorsing aan te pak. Op hierdie manier kan daar van mekaar geleer word en hoef daar nie 'n beperkte perspektief op die aangeleentheid te wees nie.

Die doel van navorsing in tweedetaalverwerwing moet nie wees om voor te skryf nie, maar moet die navorser en die tweedetaalspreker help om beter te verstaan wat dit is wat van tweedetaalaanleerders goeie taalkursuskandidate maak, asook hoe hierdie aanleerders te werk gaan om 'n intertaal suksesvol te skep.

Die vraag wat uit hierdie artikel na vore kom, is of daar van 'n intertaal of 'n tweedetaal gepraat moet word wanneer daar na taalverwerwing deur 'n tweedetaalspreker verwys word. Die onderskeid tussen intertaal en tweedetaal is 'n debat wat in toekomstige navorsing en publikasies aandag moet geniet.

Bibliografie

BARTNING J

1997. Portrait of the so-called 'advanced' learner and variety, especially in French L2. *Proceedings Eurosla'7*. Barcelona: Universitat Pompeu Fabra: 15-25.

BEEBE L M

1988. *Issues in second language acquisition*. Boston, Mass: Heinle & Heinle.

BOTHA T J R (RED)

1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica.

CARSTENS W A M

1994. *Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.

COETZEE A E & M MAHAPA

1997. Noord-Sotho Afrikaans onderwysstudente se intertaal — 'n gevallestudie. *Tydskrif vir Taalonderrig* 31(4): 371-84.

COMBRINK J G H & L G DE STADLER

1987. *Afrikaanse fonologie*. Johannesburg: Macmillan.

COMBRINK J G H

1990 *Afrikaanse morfologie*. Pretoria: Academica.

COOK V

1993. *Second language learning and language teaching*. London: Edward Arnold.

CORDER S P

1967. The significance of learners' errors. *International Review of Applied Linguistics* 5: 161-70.

1981. *Error analysis and interlanguage*. Oxford: Oxford University Press.

DONALDSON B C

1988. *The influence of English on Afrikaans*. Pretoria: Serva.

DU PLESSIS H

1987. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Serva.

ELLIS R

1985. *Understanding second language acquisition*. Oxford: Oxford University Press.

FÆRCH C & G KASPER (eds)

1984. *Strategies in interlanguage communication*. London: Longman.

FISIAK J (ed)

1980. *Theoretical issues in contrastive linguistics*. Amsterdam: John Benjamins.

1984. *Trends in linguistics: contrastive linguistics*. Berlin: Mouton.

FLYNN S

1987. *A parameter-setting model of L2 acquisition: experimental studies in anaphora*. Dordrecht: Reidel.

FRIES C C

1945. *Teaching and learning English as a foreign language*. Ann Arbor: Michigan University Press.

- GAMAROFF R
1987. Problems in the learning of a second language. *English usage in Southern Africa* 18(2): 15-24.
- GASS S M & J SCHACHTER (eds)
1989. *Linguistic perspectives on second language acquisition*. Cambridge: Cambridge University Press.
- GREGG K R
1989. Second language acquisition theory: the case for a generative perspective. Gass & Schachter (eds) 1989: 15-29.
- GRIESHABER N
1983. Kreatiewe ontsnapping: 'n hipotese. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 3(3): 48-66.
- GUMA S M
1981. *An outline structure of Southern Sotho*. Pietermaritzburg: Shuter & Shooter.
- HAKUTA K & H CANCINO
1977. Trends in second-language acquisition research. *Harvard Educational Review* 47: 294-316.
- JAMES C
1980. *Contrastive analysis*. London: Longman.
- KLEIN W
1988. *Second language acquisition*. Cambridge: Cambridge University Press.
- KOK C R
1975. *Leer self Suid-Sotho*. Kaapstad: Juta.
- KRASHEN S D
1982. *Principles and practice in second language acquisition*. Oxford: Pergamon Press.
- LADO R
1957. *Linguistics across cultures*. Ann Arbor: Michigan University Press.
- LIGHTBROWN P M
1985. Great expectations: second language acquisition research and classroom teaching. *Applied Linguistics* 6(2): 173-89.
- LITTLEWOOD W
1984. *Foreign and second language learning: language acquisition research and its applications for the classroom*. Cambridge: Cambridge University Press.
- MEIRING B
1991. T2-Afrikaans as universiteitskursus. *Tydskrif vir Taalonderrig* 25(2): 31-62.
- MONTGOMERY M
1986. *An introduction to language and society*. Bungay: Richard Clay.
- MOYO T
1994. The influence of isiZulu on ESL students. *Crux* 28 (1): 59-63.
- ODENDAL F F
1989. *Language transfer: crosslinguistic influence in language learning*. Cambridge: Cambridge University Press.
- ODLIN T
1989. *Language transfer: crosslinguistic influence in language learning*. Cambridge: Cambridge University Press.

Stander/Die rol van die intertaal

PONELIS F A

1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.

RICHARDS J C (ed)

1974. *Error analysis: perspectives on second language acquisition*. Singapore: Longman.

SELINKER L

1972. Interlanguage. *International Review of Applied Linguistics* 10: 209-31.

1992. *Rediscovering interlanguage*. London: Longman.

SHARWOOD SMITH M

1984. Learnability and second language acquisition. *Fisiak* 1984: 409-418.

SHEILS J

1988. *Communication in the modern languages classroom*. Strasbourg: European Council (Publication and documentation section).

STANDER M

1998. Die Afrikaans van T2-onderwysers in Qwaqwa: 'n gefosileerde intertaal? Ongepubl PhD tesis. Sebokeng: Vista Universiteit.

STERN H H

1991. *Fundamental concepts of language teaching*. Oxford: University Press.

STRYDOM P J L

1987. Die onderrig van Afrikaans in 'n multi-kulturele gemeenskap: 'n herkontekstualisering van inhoud. *Tydskrif vir Taalonderrig* 21(3): 23-36.

SWARTZ A

1996. Affektiewe en kulturele faktore by die verwerwing van Afrikaans as 'n tweede taal deur swart volwasse leerders in Suid-Afrika. *Per Linguam* 12(2): 51-64.

TARONE E, COHEN A D & G DUMAS

1984. A closer look at some interlanguage terminology: a framework for communication strategies. Færch & Kasper (eds) 1984: 4-14.

VAN DER WALT J L

1988. Interlanguage studies and formal instruction in second language teaching and acquisition. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 6(3): 101-14.

VAN ELS T, BONGAERTS T, EXTRA G, VAN OS C & A JANSSEN-VAN-DIETEN

1987. *Applied linguistics and the learning and teaching of foreign language*. Victoria: Edward Arnord.

WEBB V

1989. Die Afrikaanse variasietaalkunde. Botha (red) 1989: 412-35.

WEINREICH U

1979. *Languages in contact: findings and problems*. The Hague: Mouton.